

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 35: Naso (נשא) – Op te lig

יהוה *het met Moshe gepraat en gesê: “Tel ook die koppe van die seuns van Gershon, volgens hulle vaders se huise, volgens hulle families, Num. 4:21 en 22 – PWL.¹*

Torah: Num. 4:21 tot 7:89.

Haftorah: Rigters 13:2 tot 25.

Nuwe Verbond: Luk. 3:23; Matth. 8:1 tot 4; Mark. 1:40 tot 45; Matth. 5:27 tot 32; Hand. 21:17 tot 22:29; Rom. 13:9; 1 Kor. 6:9 tot 11; Gal. 5:19; Joh. 7:53 tot 8:11; Jak. 2:11.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 35 wat afgelaai kan word by: [Parashah35Notas14](#) en by [Parashah35Notas15](#).

Unless we take command over our personal battlefields we may end up captives to our own weaknesses – Anonymous.

Life is not the way it's supposed to be. It's the way it is. The way we cope with it is what makes the difference – Anonymous.

Experience is not what happens to a man; it is what a man does with what happens to him – Aldous Huxley.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL Vertaling, behalwe waar anders vermeld. Die PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch, maar is ook nou in gedrukte formaat beskikbaar. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

Midrash (Torah Bespreking)

Num. 1:1 tot 10:10 is nog die laaste onderrig en instruksies voor Israel die tog na die Beloofde Land sal aanpak. Israel moet as 'n afgesonderde (geheiligde; *kodesh*) en rein (*tahor*) gemeenskap, asook as eensgesind deur die wildernis na die Beloofde Land trek, anders sal YHVH nie hulle Beskermer en Voorsiener wees nie! Liefde vir YHVH en naasteliefde sal hulle redding en behoud wees! Dit gaan Israel se toets wees of hulle YHVH in alles gaan vertrou!

YHVH se Weermag

In verlede week se Torahskriflesing (Parashah 34) het ons geleer dat die doel van die sensusopname was om Israel in 'n gedugte weermag te organiseer. Almal wat op kommando moet uittrek was getel (Num. 1:3). Hoewel YHVH die land Kanaän aan Abraham en sy nageslag belowe het, sou die inwoners weerstand bied en sou Israel dit nie sonder 'n goed georganiseerde weermag kon verower nie.

Israel het dus vooraf geweet dat hulle in oorloë betrokke gaan wees. Net so moet ons ook besef dat ons as koninklike priesterdom en afgesonderde volk ook in 'n worsteltryd betrokke is (Ef. 6:12). Ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar 'n geestelike 'oorlog' teen Satan en sy magte, teen die wêreldgesindheid en ons eie vleeslike begeertes. Vir die doel om effektief weerstand te bied en die vyand te oorwin, is ons toegrus met die Afgesonderde Gees. Verwys Luk. 9:1; Luk. 10:19; 2 Kor. 10:3 tot 6; Efes. 6:10 tot 18; Jak. 4:7; 1 Joh. 2:14; Open. 12:11.

Wedergeboorte is dus ook om aan te meld vir diens in YHVH se 'weermag' en om opgelei en toegrus te word vir geestelike oorlogvoering!

Verduur booshede soos 'n goeie soldaat van Yeshua, Die Gesalfde Een. Niemand wat 'n soldaat is, is ook betrokke in die sake van die wêreld nie, om só die een tevrede te stel wat hom gekies het. 2 Tim. 2:3 en 4

Maar nou moet ons die volgende vra: Waarom is dit dat die oorgrote meerderheid gelowiges in Yeshua as die Messias ook die stille meerderheid is wat feitlik geen invloed het om die huidige tsumanie van morele en geestelike verval te stuit? Gelowiges met geen, of weinig, invloed op die samelewing!

As soldate (krygsmanne) van Yeshua kan ons nie bekostig om onverskillig, oningelig en onbetrokke te wees oor die toenemende stryd wat om ons woed nie! Stilswye, asook onkunde oor die ware toedrag van sake en 'n onverskillige houding van onbetrokkenheid, is vergelykbaar met 'n soldaat wat op die oorlogsfront sy wapens neergooi en vlug! 'Nuttelose' gelowiges wat toekyk hoe Satan al meer grondgebied in besit neem en wat nie bereid is om openlik en doelgerig tot die stryd toe te tree om YHVH se Hemelse Koninkryk hier op aarde te vestig nie!

Die stryd tussen die Koninkryk van die Hemel en die koninkryk van die duisternis is 'n werklikheid ongeag wat jou geloofsoortuiging ook al is. En wanneer na die geheelprentjie gekyk word, is dit duidelik dat die magte van die duisternis die oorhand het! Ja, selfs binne die kerk! Skynbaar vergete is die feit dat Yeshua gekom het om die werke van Satan te vernietig.

Hy wat sonde doen, is vanuit die teëstander, want die teëstander is van die begin af 'n sondaar. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die teëstander te vernietig. 1 Joh. 3:8

En aan ons is die opdrag gegee om met die krag en hulp van die Afgesonderde Gees hiermee voort te gaan tot en met Yeshua se wederkoms. Ons gebed: 'Laat u Koninkryk kom...', sal slegs waar word indien ons met vreeslose ywer, en met vertroue in die wonderwerkende krag van ons Skepper-God, die magte van die duisternis aandurf! Daarom moet ons die woorde van Yeshua onthou:

Dit is 'n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: wie in My vertrou, die dade wat Ek gedoen het, sal hy ook doen en hy sal groter dade doen as dit omdat Ek na My Vader toe sal gaan. Joh. 14:12.

Ons Bevelvoerder van die Koninkryk van die Hemel is Yeshua Die Gesalfde Een wat ons elkeen afsonderlik geroep het om vreesloos in hierdie stryd betrokke te raak. Laat ons weer aandagtig na die woorde van Paulus luister:

*Om hierdie rede, let op, vandat ek gehoor het van julle vertroue wat in ons Meester Yeshua is en julle liefde tot die afgesonderdes,
hou ek nie op om dankie te sê vir julle en om julle te onthou in my gebede nie sodat die God van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, die Vader van eer, lof en aanbidding, aan julle die Gees van wysheid en openbaring mag gee saam met kennis van Hom
en dat die oë van julle verstand, wil en emosie verhelder sal word sodat julle kan weet wat die versekerde verwagting van Sy roeping en wat die rykdom van Sy erfdeel van eer en lof is onder die afgesonderdes
en wat die oorvloedige grootheid van Sy wonderwerkende krag is, in ons wat vertrou, volgens die effektiewe aksie van Sy krag
wat Hy gewerk het in Die Gesalfde Een toe Hy Hom uit die dood uit opgewek het en Hom laat sit het aan Sy regterhand in die hemel, ver bo alle heersers, outoriteite, wonderwerkende kragte, meesters en elke karakter en outoriteit (naam) wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in dié een wat kom. Hy het alles in gehoorsaamheid onder Sy voete gesit en Hom wat hoër as alles is as Hoof oor die gemeente, wat Sy liggaam is, gegee; die volledigheid van Hom wat alles in almal volledig maak;
Ef. 1:15 tot 23.*

Ons Bevelvoerder sit aan YHVH se regterhand in die hemel, ver bo alle heersers, outoriteite, wonderwerkende kragte, meesters en elke karakter en outoriteit (naam) wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in dié een wat kom. Hy het alles in gehoorsaamheid onder Sy voete gesit en is aangestel as Hoof oor die gemeente, wat Sy liggaam is.

Daarom: Mag die oë van ons verstand, wil en emosie verhelder word sodat ons kan weet wat die versekerde verwagting van Sy roeping is en wat die rykdom van Sy erfdeel van eer en lof is onder die afgesonderdes en wat die oorvloedige grootheid van Sy wonderwerkende krag is, in ons wat vertrou. Ons is geroep om vreeslose krygers te wees, want ons het die versekering van die oorwinning oor die magte van die duisternis en hulle bevelvoerder Satan.

Maar die keuse is of jy en ek bereid is om onder die vaandel van Yeshua Messias na die oorlogsfront te gaan en betrokke te raak in die geveg – 'n geveg vir ons en ons kinders se

fisiese en geestelike oorlewing – en of ons eerder die weg van stilsweye en van die minste weerstand gaan kies. YHVH laat elkeen toe om te kies watter rol om in hierdie epiëse stryd te vervul. Jy kan die rusbank kies of die oorlogfront! Maar wees verseker ons elkeen sal geoordeel word volgens ons keuse! En wees ook verseker dat die prys om nie betrokke te raak nie, of om so min as moontlik betrokke te raak, is ‘n baie duur prys wat ons uiteindelik sal moet betaal, maar nie sal kan bekostig nie!

Die geestelike en morele verval wat orals aan die orde van die dag is, is die resultaat van die stilsweye en onverskillige onbetrokke houding van diegene wat bely dat Yeshua hulle Meester en Messias is. David Fiorazo verduidelik dit soos volg:

Though we say we trust God, believe the Bible, and are somewhat aware of the battle, we will avoid or ignore it and live this temporary life for ourselves and our earthly families. We may do some good works, but fail to see the big picture. This will often produce an empty existence, and as our faith becomes lukewarm, our lives will be of no consequence where God's purposes and eternity are concerned.

The path of least resistance however, has been to not even show up for the battle and not let anyone else know what side we're on. Rather than stand firm when opposition increases, many of us duck conversations about sin, the Bible or our faith so we won't ruffle any feathers. Thus, we avoid the very mention of Jesus' name in public (The Cost of Our Silence; <http://davidfiorazo.com/2016/06/storming-the-gates-of-hell-christians-on-offense/>).

Ons moet egter die woorde en vermaning van Yeshua nie vergeet nie:

Elkeen dan wat My sal erken voor die mense, hom sal Ek ook erken voor My Vader wat in die hemel is, maar elkeen wat My ontken voor die mense, hom sal Ek ook ontken voor My Vader wat in die hemel is. Matt. 10:32 en 33

Daarom, laat ons die volgende woorde van Paulus ter harte neem:

Ek beveel jou, voor God en ons Meester Yeshua, Die Gesalfde Een; Hy wat die lewende en dié wat dood is, gaan oordeel by die openbaring van Sy Koninkryk:

verkondig die boodskap; staan ywerig daarop, tydig en ontydig; berispe, spreek aan met baie aanhoudende geduld en lering,

want daar kom 'n tyd dat hulle die ware leer nie sal gehoorsaam nie, maar leermeesters bymekaarmaak volgens hulle eie begeertes, wat hulle gehoor kan streel en hulle sal hulle ore van die waarheid af wegdraai en na fabels toe draai.

Jy egter, wees waaksaam in alles. Verdra booshede; doen die werk van 'n verkondiger van die goeie boodskap en vervul jou bediening,

want ek word daarom as 'n offer geoffer en die tyd van bevryding het aangebreek.

Ek het die goeie geveg baklei, my resies voltooi en my vertrouwe behou.

Van nou af is daar vir my opsy gesit die kroon van onpartydige opregtheid waarmee my Meester my sal beloon op die dag wat Hy die regverdige sal beoordeel en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat Sy openbaring liefgehad het.

2 Tim. 4:1 tot 8.

Mag ons ook eendag soos Paulus sê: Ek het die goeie geveg baklei, my resies voltooi en my vertroue behou. En laat ons ook almal onthou dat ons Meester sal ons beloon op die dag wat Hy die regverdige sal oordeel – almal wat Sy openbaring liefgehad het!

Opsommend:

- *A great man once said, "That which we tolerate today we will embrace tomorrow".*
- *G. K. Chesterton once said, "Tolerance is the virtue of the man without convictions." I would add that tolerance and compromise is the creed of a coward. There seems to be very little most will not endure (tolerate and compromise with) to preserve their pay check or keep "peace" in their lives – Butch Paugh.*
- *Evil prevails when good men do nothing.*

Bepeins en Bespreek

1. Het die Messiaanse Beweging die opdrag van Yeshua in Matt. 28:18 tot 20 vergeet en geruil vir onderrig deur Rabbynse Judaïsme? Het laasgenoemde daarin geslaag om ons fokus van ons roeping af weg te neem? Het die Messiaanse Beweging hulle passie verloor vir die verkondiging van die Blye Boodskap van vergifnis en versoening deur die onverdiende guns in Yeshua? Ek wil elkeen aanmoedig om na hierdie kort video van Paul Washer (*This is War*) te kyk <https://www.youtube.com/watch?v=Cln0Cl-a7M>. Ja, hy is 'n Christen wat nie al die openbaringe van Torah-gehoorsaamheid het nie, maar hy het 'n brandende passie om die Vader se reddende genade deur Yeshua te verkondig – en dit is die les wat hy ons almal leer!
2. Volgens die Skrifte van die nuwe verbond sal Torah-gehoorsame Jode wat Yeshua as gekruisigde en opgestane Messias verwerp, nie die Koninkryk beërwe nie. Moet ons nie met dieselfde ywer wat ons Torah by hulle wil leer, hulle ook van Yeshua vertel nie? Waarom het die Messiaanse Beweging die ywer om met die huis van Juda te verenig, maar in die proses word Yeshua uit die eenwording weggelaat? Is dit nie om Yeshua te verloën nie? Onthou wat in Matt. 10:32 en 33 geskryf is, asook in Mark. 6:10 en 11 ten opsigte van diegene wat nie die waarheid wil hoor nie!! Moet ons nie ook versigtig wees wie ons in ons huise in nooi nie, veral die wat nie die leer van Yeshua Messias verkondig nie. Lees 2 Joh. 1:10.

Num. 5:11 tot 31 – Die Torah Oor Jaloesie

יהוה het met Moshe gepraat en gesê: *Praat met die seuns van Yisra'el en sê vir hulle: 'As iemand se vrou wegdraai en ontrou is teenoor hom. Deut. 5:11 en 12*

Die Torah oor jaloesie is die beproewing (toets) wat 'n vrou ondergaan wanneer vermoed word dat sy ontrou in die huwelik was. Dit word ook genoem *die beproewing van bitter water* of *die beproewing van jaloesie*. In Hebreeus word so 'n vrou *sotah* genoem. Hierdie woord kom nie in die Torah voor nie, maar word afgelei van die woord *satah* in Num. 5:12 en beteken om *af te wyk* of om *weg te draai*. Daarom word dit ook die wet van die *sotah* genoem. Die Torah oor jaloesie is dus YHWH se onderrig en instruksies om seksuele sondes, veral egbreek, bloot te lê.

Dit herinner ons aan die woorde van die skrywer van die brief aan die Hebreërs:

Die huwelik is eerbaar in alle opsigte en hulle bed is rein, maar God sal seksuele oortreders en egbrekers oordeel. Heb. 13:4

Waar YHVH in die midde van Sy volk woon mag daar geen onreinheid wees nie. Die gevolg van enige onreinheid in die laer is dat die hele laer onrein (*tamei*) is. Daarom was enige onreinheid in 'n baie ernstige lig beskou en was die onreine buite die laer (kamp, gemeente) afgesonder.

Alvorens Israel die tog na die Beloofde Land kon aanpak, moes die laer eers gereinig (geheilig; afgesonder) word en hierdie toestand moes te alle tye gehandhaaf word. Dit het ook beteken dat die laer gereinig moes wees van alle seksuele sondes.

Indien 'n eggenoot daarom geweet het, of selfs vermoed het, dat sy eggenote ontrou in die huwelik was, was sy as onrein beskou en kon die hele laer onrein word. In so 'n geval was dit dus noodsaaklik dat die man dan saam met sy vrou voor die priester verskyn met 'n spysoffer van jaloersheid.

Hy moet die offer vir haar saambring: 'n tiende van 'n efa garsmeel; hy moet daar geen olie op gooi en geen wierook daar bysit nie, want dit is 'n graanoffer van jaloesie, 'n offer van herinnering wat die skuld onthou. Num. 5:15.

Die priester het haar laat nader kom en haar voor die Teenwoordigheid van YHVH laat staan met haar hare wat los gehang het. Dan het die priester van die stof wat op die vloer van die tabernakel was, geneem en dit in 'n houder met afgesonderde water gemeng. Die priester het dan die offer van herinnering wat die skuld onthou op haar hande geplaas.

Die priester moet haar onder eed plaas en aan die vrou sê: 'As geen man by jou gelê het en jy nie afgedraai het na onreinheid terwyl jy onder jou man se outoriteit was nie, wees dan vry van hierdie bitter water wat 'n vloek bring, maar as jy terwyl jy onder jou man se outoriteit was, afgedraai en jou onrein gemaak het deurdat 'n man, behalwe jou eie man, by jou gelê het;'
[dan moet die priester die vrou laat sweer onder die eed van vervloeking en die priester moet aan die vrou sê:] יהוה 'maak jou tot 'n vervloeking en 'n vloek onder jou volk, deurdat יהוה 'jou heup laat inval en jou buik laat opswel en hierdie water wat die vloek bring, sal in jou maag ingaan en jou buik laat opswel en jou heup laat inval.' Dan moet die vrou sê: 'Dit is waar, dit is waar!'
Die priester moet dan hierdie vervloeking op 'n boekrol skryf en dit in die bitter water afwas en hy moet die vrou die bitter water wat die vloek bring laat drink sodat die water wat die vloek bring, in haar kan ingaan en bitter word.
 Num. 5:19 tot 24.

Indien die vrou skuldig was, het haar heup ingeval en haar buik opgeswel en sy sou gesterf het, want wie skuldig is aan egbreek en waar betroubare getuies die daad kon bevestig, moes sterf – beide die man en die vrou (Lev. 20:10; Deut. 22:22). Maar indien sy onskuldig was, was sy vrygespreek en geseën en as 'n deugsame vrou beskou (Spr. 31:10 tot 31).

Die Torah oor Jaloesie is 'n sinnebeeld van die bruid wat ontrou aan YHVH was toe die verbond wat YHVH by Sinai met Israel gesluit het (Ex. 19:4 tot Ex. 24:11) deur die aanbidding van die goue kalf verbreek was. Dit beskryf die 'proses' waaraan Yeshua onderwerp was toe Hy in die plek van Israel as die ontroue bruid voor die Teenwoordigheid

van YHVH gestaan het. Dit is ook hierdie wet wat Yeshua moes vervul om elkeen wat glo dat Hy die Messias is, vry te spreek om terug te keer en 'n deugsame bruid te word. Insae in hierdie waarheid dien as motivering vir elke gelowige om in alle opsigte getrou te wees aan die Bruidegom en om seker te maak om 'n onbevleete bruilofskleed aan te hê by die wederkoms van Yeshua! Ons moet die kleed haat wat deur sonde bevlek is (Judas 1:23).

Ons moet nooit vergeet nie dat Yeshua het die gemeente liefgehad en Homself om haar ontwil oorgegee, om dit af te sonder en te reinig in die wassing met water en in die Woord. Yeshua sal die gemeente vir Homself bevestig, wanneer dit vol lof en eer, sonder vlek of kreukel of enige iets soortgelyks is. Sy bruid moet afgesonderd en sonder fout wees (Efes. 5:25 tot 27).

YHVH het vir Sy geliefde Seun 'n vlekkelose bruid gekies – niks anders sal goed genoeg wees nie! Daarom moet ons onthou dat YHVH is 'n jaloerse God.

Pas jouself op dat jy geen verbond sluit met die inwoners van die land waarheen jy gaan nie sodat dit nie miskien 'n strik tussen julle word nie, maar jy moet hulle altare vernietig, hulle afgesonderde pilare afbreek en hulle pale afkap, want jy mag jou nie neerbuig voor enige ander god nie, want יהוה se Karakter en Outoriteit is jaloers; 'n jaloerse Magtige God is Hy. Ex. 34:12 tot 14.

Pas julleself op sodat julle die verbond van יהוה, julle God, wat Hy met julle gesluit het, nie vergeet nie en vir julle 'n gekerfde beeld maak in die vorm van enigiets wat יהוה, jou God, jou verbied het, want יהוה, jou God, is 'n verterende vuur, 'n jaloerse God. Deut. 4:23 en 24.

Paulus verwoord dit soos volg:

want ek is jaloers oor julle met God se jaloesie, want ek het julle afgegee om te trou met Een Man; om julle as 'n rein maagd aan Die Gesalfde Een voor te stel. 2 Kor. 11:2.

In die lig van bogenoemde is die Torah oor Jaloesie ook 'n sinnebeeld van die bruid wat saam met die Bruidegom, Yeshua Messias, tydens die Groot Verdrukking in die Teenwoordigheid van YHVH sal staan en wat deur beproewing getoets gaan word of sy rein en onbevlek gevind sal word. Yeshua sal ook met God se jaloesie Sy bruid in die Teenwoordigheid van YHVH bring waar sy die bitter water wat die vloek bring sal moet drink.

Yeshua het eenmalig namens ons die offer van herinnering wat die skuld onthou, gebring en eenmalig die bitter water wat die vloek bring gedrink. Tydens wedergeboorte word ons elkeen nou deel van die bruid van Yeshua en belowe ons om in alle opsigte getrou te wees aan ons Bruidegom – 'n deugsame hulp te wees soos beskryf word in Spr. 31:10 tot 31.

*Wie sal 'n ywerige vrou vind, want haar waarde is ver bo robyne?
Die verstand, wil en emosie van haar man vertrou in veiligheid in haar en haar kosvoorraad
word nooit minder nie.*

Sy doen goed aan hom en nie boos nie, al die dae van haar lewe.

Sy soek na wol en linne en werk gewilliglik met haar hande.

Sy is soos die handelaar se skip; sy bring haar handelsware van ver af in.

*Sy staan ook op terwyl dit nog nag is en gee aan haar huisgesin kos en aan haar
diensmeisies werk.*

Sy ondersoek 'n stuk grond en koop dit; van die vrug van haar hande plant sy 'n wingerd.

*Sy bind haar middel vas met krag en versterk haar arms.
 Sy sien dat haar handelsware goed is, haar lamp gaan reg deur die nag nie uit nie.
 Sy steek haar hande gretiglik uit en sit haar hande op die spinwiel.
 Sy steek haar hande uit na die armes, ja, sy steek haar hande uit na die behoeftiges.
 Die lede van haar huishouding is nie bang vir sneeu nie, want almal van hulle is in
 skarlaken stof aangetrek.
 Sy maak vir haarself 'n bedekking van tapisserie, haar klere is van sy en purper.
 Haar man is bekend in die stede, wanneer hy saam met die oudstes van die land sit.
 Sy maak fyn linne en verkoop dit; sy voorsien gordels aan die handelaars.
 Sterkte en eer is haar klere en sy sal haar verheug in die tyd wat kom.
 Sy maak haar mond oop met wysheid en op haar tong is die wet van liefdevolle goedheid.
 Die lewenswyse van haar huishouding is bo teregwyding en sy eet nie die brood van luiheid
 nie.
 Haar seuns staan op en noem haar geseënd, ook haar man prys haar:
 baie dogters het ryk geword, maar jy het hulle almal oortref.
 Gevormde uiterlike is bedrieglik en skoonheid is nietigheid, maar 'n vrou wat יהרהב respekvol
 vrees, sal helder en duidelik geprys word.
 Gee haar van die vrug van haar hande en laat haar eie werke haar helder en duidelik prys in
 die poorte.*

Omrede Yeshua in ons plek die Torah oor jaloesie vervul het – tot volheid gebring het – is ons nie meer vergelykbaar met die owerspelige bruid nie en is ons vry van die boek van die wet (die geskrewe wet) wat ons hiervan aangekla het. Nou kan ons (die ware Israel) weer die bruid word van Yeshua wat die skuldbrief vereffen het en uit die dood opgestaan het – die bruid van Yeshua van die nuwe verbond (Jer. 31:31 tot 34; Heb. 8:8 tot 10) volgens die verbond met Abraham en die boek van die verbond en 'n bruid wat hoor en doen volgens die Torah van Yeshua!

Paulus verduidelik dit soos volg:

*Asof julle nie weet nie, my broers, want ek praat met dié wat die geskrewe wet verstaan, dat
 die geskrewe wet outoriteit het oor die mens so lank as wat hy lewe;
 net soos die getroude vrou in die geskrewe wet aan haar meester gebonde bly solank hy leef,
 maar as die man dood is, is sy deur die geskrewe wet losgemaak van haar man.
 As sy weggaan vir 'n ander man terwyl haar meester leef, sal sy vir hom 'n egbreekster wees,
 maar as haar meester sou sterf, is sy vry van die geskrewe wet sodat sy nie 'n egbreekster is
 as sy 'n ander man s'n word nie.
 Nou, my broers, is julle ook dood vir die geskrewe wet, deur die liggaam van Die Gesalfde
 Een, om aan 'n ander te mag behoort, naamlik aan Hom wat uit die dood uit opgestaan het
 sodat julle vir God vrugte kan dra,
 want toe ons in die ou natuur was, het die siektes van die sonde wat deur die geskrewe wet
 kom, ywerig in ons lede gewerk om vir die dood vrugte te dra,
 maar nou is ons vrygespreek van dié geskrewe wet en het ons dit wat ons beheer afgesterf
 sodat ons van nou af slawe is van wat nuut is uit die Gees en nie van die oue wat uit die
 geskrewe letter is nie. Rom. 7:1 tot 6*

Maar hoewel Yeshua namens ons die Torah oor jaloesie vervul het, verwys dit ook profeties na die dag wat elkeen wat bely dat Yeshua die gekruisigde en opgestane Messias is, getoets (beproof) gaan word vir geestelike egbreek (hoerery). Die beker van bitter water wat ons sal moet drink gaan 'n toets wees of ons moedswillig weens hardnekkigheid geweier het om

YHVH se Torah te onderhou terwyl ons daarop aanspraak gemaak het om die bruid van Yeshua te wees! Ons gaan beproef word of ons geestelike rein is en geestelike rein sal bly gedurende ons wildernistog in hierdie wêreld.

YHVH is 'n jaloerse God wat geen hoerery – fisies en geestelik – duld nie!

Bepeins of Bespreek

1. Is jy en ek bereid om vandag die beproewing van die bitter water te ondergaan? Is ons die deugsame (ywerige) en vlekkelose bruid op wie Yeshua te alle tye kan vertrou?
2. Is die die Torah oor jaloesie vernederend en diskriminerend teenoor vroue? Judaïsme se siening (Talmud, Sotah 27b) is die volgende: *While it is the accused woman who must actually drink the bitter waters, the waters affect her male partner in adultery identically. Just as the waters examine her, they also examine him.* Volgens Torah berus die keuse ook by die vrou of sy die bitter water wil drink of nie. Indien die vrou bereid is om die bitter water te drink, en sy onskuldig bevind word, is die man skuldig aan vals getuienis en dus die oortreding van die negende gebod. Dit is die eggenoot van die vrou wat dan uiteindelik verneder sal word.
3. Van al die gebooe (*mitzvot* – volgens sommige is daar 613) in die wet van Moses (die boek van die wet – Deut. 31:26; Neh. 8:2; Gal. 3:10) is die wet van die *sotah* die enigste waar die 'samewerking' van YHVH vereis word om 'n beslissing van skuldig of onskuldig te verkry. Die bitter water van smart kan slegs op bonatuurlike wyse 'n effek hê! Daarom moet die klem van die Torah oor jaloesie op die geestelike betekenis wees. Deur die fisiese wou YHVH vir Israel 'n geestelike les leer. Dit handel eerstens oor die ontrouheid van Israel as bruid van die ou verbond (die boek van die verbond; Ex 24:7) en oor YHVH se getrouheid as Bruidegom. Tweedens moet ons die geestelike betekenis onder die nuwe verbond verstaan, naamlik dat Yeshua aan die folterpaal ook namens ons die water van bitter smart van die ontroue bruid gedrink het. So ook het Yeshua bewys gelewer dat Hy die getroue Bruidegom is wat 'n wedergebore bruid met 'n onbevleete bruidskleed waardig is. Dit is YHVH alleen wat sal bepaal of die bruid wat die beproewing van die bitter water drink geestelik gaan lewe of geestelik gaan sterwe!

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan

Epos: kontak@nuwelied.info

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.